



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**JUNIE 2022**

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 25 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ʼn antwoord op ʼn paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ʼn kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ʼn kort kommentaar bv.

__________ . ____________________ . ________________

_______________ . ____________________ . ____________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ʼn logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ʼn redelike reeks feite of ʼn effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ʼn opstel ʼn inleiding, ʼn samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ʼn slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ʼn spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ʼn riglyn vir nasien van ʼn spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ʼn beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ʼn argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ʼn relevante inleiding (aangedui met ʼn kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ʼn relevante slotopmerking (aangedui met ʼn kolpunt in die nasienriglyn) bv. ʼn antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ʼn opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ʼn argument/ʼn duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ʼn punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van die opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ʼn opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ʼn Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ʼn algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Toon soms bewys van ʼn gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET RUSSIESE EKSPANSIONISME IN GRIEKELAND EN TURKYE TOT DIE IMPLEMENTERING VAN DIE TRUMAN-LEER IN 1947 BYGEDRA?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Om 'n nie-kommunistiese regering in Griekeland te verseker.

(1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Joego-Slawië
- Albanië
- Bulgarye (3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit was deel van die USSR se plan om kommunisme wêreldwyd uit te brei
- USSR wou 'n buffer tussen die USSR en Wes-Europa skep
- Die USSR wou toekomstige aanvalle op Rusland voorkom
- Om die ekonomiese aktiwiteite van daardie streek te beheer
- Oos-Europa moet 'n kommunistiese invloedsfeer word
- Om beheer oor strategiese hulpbronne te verkry
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'die ekonomiese koste van die Tweede Wêreldoorlog'
- 'probleme met die handhawing van huishoudelike voorrade van noodsaaklike goedere soos steenkool'
- 'Brittanje en Europa oor die algemeen op die randjie van ekonomiese ineenstorting gebring' (Enige 2 x 1) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Dit sou Rusland toegang tot vlootbasisse gegee het
- Dit sou Rusland toegang en beheer tot die oliereserwes in daardie streek gegee het.
- Dit sou Rusland toegelaat het om die handels- en ekonomiese aktiwiteite van daardie streek te beheer.
- Dit sou die Midde-Ooste onder kommunistiese beheer geplaas het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'buitengewoon ernstig en krities' (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die swak ekonomiese toestande het Griekeland vatbaar gemaak vir Russiese uitbreiding
- Griekeland het geneig om 'n kommunistiese staat te word.
- Griekeland het 'n moontlike teiken vir kommunistiese of Russiese uitbreiding geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Analise van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Beide ambassadeurs het die Amerikaanse regering van moontlike Sowjet-uitbreiding in Griekeland en Turkye gewaarsku.
- Albei ambassadeurs pleit by die VSA om in te gryp om Sowjet-uitbreiding in Griekeland en Turkye te stop.
- Beide ambassadeurs het die VSA gewaarsku oor die domino-effek van kommunistiese uitbreiding.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Evaluering van die beperkings van Bron 1B – V3]*
- Bron is bevooroordeeld – gee ŉ Amerikaanse perspektief op die situasie in Griekeland en Turkye
- Bron gee nie ŉ Russiese teenperspektief oor die situasie in Griekeland en Turkye nie.
- Bron is bevooroordeel (gekant) teen die USSR
- Bron gebruik negatiewe woorde om die moontlike vrees vir kommunistiese uitbreiding te beskryf – 'druk en spanning' wat die 'regime afbreek deur buitedruk of deur ŉ daad van openlike aggressie'.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Pole
- Tsjeggo-Slowakye
- Hongarye
- Roemenië
- Bulgarye
- Joego-Slawië
- Albanië (Enige 3 x 1) (3)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Estland
- Letland
- Litaue (Enige 2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Denkbeeldige lyn wat kommunistiese Oos-Europa van kapitalistiese Wes-Europa skei.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- 'dwang'
- 'intimidasie' (2 x 1) (2)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- VSA sal demokraties/kapitalistiese lande teen Russiese uitbreiding ondersteun
- Die VSA sal enige demokratiese land ondersteun wat deur kommunistiese minderhede bedreig word
- Die VSA sal demokratiese/kapitalistiese lande ondersteun wat deur Rusland en vyfde kolomme onder druk geplaas word om kommunisties te word.
- Die Verenigde State van Amerika sal kommunisme ten alle koste inperk.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- VSA is nie ekonomies deur die Tweede Wêreldoorlog verswak nie
- VSA het die wapens en mannekrag gehad om kommunistiese uitbreiding in te perk
- VSA was die enigste land wat kernwapens gehad het – supermoondheid
- Beide Brittanje en Frankryk was ekonomies verswak ná die Tweede Wêreldoorlog en was in geen posisie om kommunistiese uitbreiding in te perk nie.
- Beide Brittanje en Frankryk wou hul eie ekonomieë herbou ná die vernietiging van die Tweede Wêreldoorlog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Analise van inligting uit Bron 1D – V2]*

- Griekeland en Turkye het ekonomiese hulp van die VSA ontvang wat daartoe gelei het dat hulle kapitalistiese lande gebly het.
- Griekeland en Turkye het militêre steun van die VSA ontvang wat tot die nederlaag van die kommunistiese partye in hul onderskeie lande gelei het
- Griekeland en Turkye het nie voor die Sowjet-uitbreiding geswyg nie.
- Griekeland en Turkye het demokrasieë gebly en die bondgenote van die VSA geword.
- Die VSA het kommunisme suksesvol ingeperk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B verklaar dat Griekeland binne die bereik van Rusland se satelliet wentelbaan sal wees, terwyl Bron 1C al die satelliet-lande wat onder Rusland se beheer is, uitbeeld.
- Bron 1B verklaar dat die USSR die enigste groot mag op die Oos-Europese vasteland is, terwyl Bron 1C die grootte van die Russiese ryk uitbeeld.
- Bron 1B verklaar dat Turkye die enigste onafhanklike staat in Oos-Europa was en dit word deur Bron 1C ondersteun wat Turkye as ŉ onafhanklike staat vry van kommunistiese beheer uitbeeld.
- Bron 1B beklemtoon die gevolge van ŉ kommunistiese domino-effek, terwyl Bron 1C al die ander lande wat moontlik ook in gevaar van kommunistiese oorname was, uitbeeld.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende as punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Griekeland onder bedreiging van die kommunistiese Nasionale Bevrydingsfront (Bron 1A)
- Tydens die Griekse burgeroorlog het NLF wapens van kommunistiese satellietstate ontvang (Bron 1A)
- Turkye het ook gedreig met kommunistiese oorname (Bron 1A)
- Sowjet-voorneme was om oorheersing in die Midde-Ooste te verkry met sy belangrike olievoorrade (1A)
- Brittanje kan nie moontlike kommunistiese oorname in Griekeland en Turkye keer nie (Bron 1A)
- MacVeagh en Wilson het Amerikaanse ingryping in Griekeland en Turkye versoek om VSA belange in die streek te verseker (Bron 1B)
- MacVeagh en Wilson het die VSA gewaarsku oor ŉ kommunistiese domino-effek (Bron 1B en eie kennis)
- Ystergordyn het kommunistiese Oos-Europa van kapitalistiese Wes-Europa geskei (Bron 1C)
- Griekeland en Turkye, die enigste twee onafhanklike lande, maar word bedreig deur kommunistiese oorname (Bron 1C en eie kennis)
- Kommunistiese oorname is moontlik sonder Amerikaanse hulp (Source1D)
- Truman het die Truman-leer aangekondig om kommunisme in Griekeland en Turkye te stop of in te perk (Bron 1D)
- Finansiële en militêre ondersteuning het Griekeland en Turkye in staat gestel om kommunisme in hul onderskeie lande in te perk (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv., toon min of geen begrip **van hoe Russiese ekspansionisme in Griekeland en Turkye tot die implementering van die Truman-leer in 1947 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv., toon ŉ mate van begrip **van hoe Russiese ekspansionisme in Griekeland en Turkye tot die implementering van die Truman-leer in 1947 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv., toon ŉ deeglike begrip **van hoe Russiese ekspansionisme in Griekeland en Turkye tot die implementering van die Truman-leer in 1947 bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM WAS DIE MPLA IN STAAT OM DIE BEWIND IN ANGOLA IN NOVEMBER 1975 OOR TE NEEM?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A –- V1]*
- ‘magsvakuum'
- ‘politieke verdeeldheid’ (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Definisie van ʼn historiese konsep uit Bron 2A – V2]*
- ʼn Proses waar ʼn koloniale mag (Portugal) onafhanklikheid aan sy voormalige kolonie (Angola) toestaan
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- ‘MPLA’ (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A –V2]*
- ‘Al drie bevrydingsbewegings wou Angola afsonderlik van mekaar regeer
- Al drie bevrydingsbewegings het verskillende ideologieë gehad
- Al drie bevrydingsbewegings was langs etniese lyne verdeel
- Te veel buitelandse magte het betrokke geraak om hul eie agendas te bevorder.
- Portugal het blykbaar die MPLA as die regerende party bevoordeel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Angola het ryk minerale hulpbronne soos diamante en olie gehad.
- Buitelandse magte het die bevrydingsbeweging ondersteun wat hul eie ekonomiese en politieke agendas sou bevorder.
- Enige ander relevant antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- ‘oordrewe vrese van Sowjet-ekspansionisme’ (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- ‘onmiddellike en massiewe versterkings van Havana te versoek’ (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die MPLA was die ontvanger van massiewe gevorderde wapens uit Kuba.
- Die MPLA-weermag was met 30 000 soldate uit Kuba versterk
- Militêre ondersteuning van Kuba en Rusland het die MPLA-weermag versterk
- Die MPLA was in staat om die Suid-Afrikaanse opmars na Luanda te weerstaan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Analise van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die MPLA het die Suid-Afrikaanse weermag verslaan
- Dit het die MPLA in staat gestel om 'n kommunistiese regering in Angola daar te stel
- Dit het bewys dat Kuba en Rusland vasbeslote was om kommunistiese heerskappy in Angola te verseker.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Evalueer die nut van Bron 2B – V3]*
**Bron is tot 'n groot mate bruikbaar omdat:**
- Die inligting is uit 'n historiese joernaal geneem wat 'n goedgekeurde lesersgehoor gehad het.
- Dit beskryf die redes waarom Suid-Afrika en die VSA by die Burgeroorlog betrokke geraak het.
- Dit verduidelik hoe Rusland en Kuba tot die MPLA se redding gekom het om die Suid-Afrikaanse optog teen te werk.
- Die bron is insiggewend – gee redes vir buitelandse betrokkenheid en is nie opinie-georiënteerd nie
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- MPLA was toegerus met moderne gevorderde wapens.
- Die MPLA is ondersteun deur Kuba en Rusland – vuurpyl-lanseerder en T34 tenks
- Dit toon dat die MPLA/FAPLA troepe opgelei was om die wapens te gebruik
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Sintese van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit het die MPLA toegelaat om hul posisie as die wettige regering van Angola te behou
- Die MPLA kon hul teenstanders verslaan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van inligting uit Bron 2B en Bron 2C – V3]*
- Bron 2B verklaar dat die MPLA swaar artillerie en tenks ontvang het, terwyl Bron 2C die wapens wat in Bron 2B genoem word, uitbeeld
- Bron 2B verklaar dat die MPLA T-34/54-tenks direk van die Sowjetunie ontvang het, terwyl Bron 2C die T34/35-tenks wat in Bron 2B genoem word, uitbeeld.
- Bron 2B verklaar dat die MPLA Kuba se nuutste wapens ontvang het, die BM-21-missiellanseerder, terwyl Bron 2C die vuurpyl-lanseerder wat in Bron 2B genoem word, uitbeeld.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- ‘Baie van sy leiers was opgevoed’
- ‘hulle was baie nader aan Europese radikale sosialisme as aan Sowjet-Marx-Leninisme’
- ‘was slim politieke operateurs’
- ‘Chieto en Dangereux was goeie militêre bevelvoerders’
- ‘die MPLA was die minste stamverbonde van die drie bewegings’
- ‘die MPLA het baie verskillende stamme verwelkom’ (Enige 4 x 1) (4)

2.5.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2D – V1]*
- ŉ Politieke en ekonomiese stelsel wat ŉ klaslose samelewing voorstaan
- ŉ Oortuiging dat almal in die gemeenskap moet werk vir die algemene welvaart om die skepping van klasse uit te roei.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Dit het die MPLA toegelaat om die burgeroorlog te wen
- Die MPLA het lede van ander stamme wat kommunisme ondersteun het, aanvaar
- Dit het die ondersteuningsbasis van die MPLA uitgebrei
- Die MPLA het die Burgeroorlog gewen en het nie teen ander plaaslike stamme gediskrimineer nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit.

- Persepsie dat die Portugese regering die MPLA bevoordeel het (Bron 2A)
- Portugese magte het MPLA van wapens voorsien (Bron 2A)
- Angola se natuurlike hulpbronne het internasionale inmenging veroorsaak (Bron 2A)
- SA se inval in Angola het die MPLA genoop om hulp van Kuba te soek (Bron 2B)
- Kuba ondersteun MPLA met 30 000 troepe en gevorderde wapens – het MPLA voordeel bo mededingers gegee (Bron 2B)
- Die Sowjetunie het ook militêre toerusting aan die MPLA verskaf – MPLA het SA weermag in die Slag van Ebo verslaan (Bron 2B)
- Die vuurpyl-lanseerder/Stalin-orgaan en Russiese T34-tenks het ŉ groot rol gespeel om die MPLA se oorwinnings oor mededingers te verseker (Bron 2C)
- Die MPLA was die beste gekwalifiseerde beweging om Angola te regeer (Bron 2D)
- Baie van sy leiers was opgevoede en slim politieke operateurs (Bron 2D)
- MPLA die minste stamgebonde van al drie bevrydingsgroepe (Bron 2D)
- MPLA soldate het harder en met meer vasberadenheid geveg (Bron 2D)
- Portugese Angolese het die MPLA ondersteun. (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, byvoorbeeld, toon min of geen begrip **van waarom die MPLA in staat was om die bewind in Angola in November 1975 oor te neem.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv., toon ’n mate van begrip **van waarom die MPLA in staat was om die bewind in Angola in November 1975 oor te neem.**<br>• Gebruik bewyse op ’n baie basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. toon insig **van waarom die MPLA in staat was om die bewind in Angola in November 1975 oor te neem.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf wat ’n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

## VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEIDSRITTE INTERSTAAT BUSREISE IN DIE VSA IN DIE 1960's GEDESEGREGEER?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V1]*
- 'James Farmer'
- 'Bayard Rustin' (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V1]*
- 'die Ryers is in hegtenis geneem'
- 'skuldig bevind en maandlange vonnisse gegee' ( 2 x 1) (2)

3.1.3 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Skeiding van rasse, klasse of etniese groepe.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die blanke Vryheidsryers sou sitplekke agter in busse inneem in plaas daarvan om voor te sit
- Swart Vryheidsryers sou voor in die bus sit in plaas daarvan om agter te sit
- Indien enige een beveel was om hul sitplek op te gee en te skuif, sou hulle weier
- By elke bushalte sou swartes die slegs-blankes wagkamers beset en probeer om die fasiliteite te gebruik.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Rassiste en segregasioniste sal mag en geweld gebruik om te verhoed dat die Vryheidsritte interstaat vervoer integreer
- Rassiste en segregasioniste was bereid om die Vryheidsryers te beseer en dood te maak om gesegregeerde interstaat vervoer te handhaaf.
- Rassiste en segregasioniste sou nie toelaat dat die Vryheidsritte die ou praktyk dat swartes hul sitplekke moes opgee en na agter beweeg, prysgee nie.
- Rassiste en segregasioniste was nie voorbereid op integrasie nie en sou enige iets doen om dit in stand te hou.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- "n reeks FBI-memorandums wat aan die Birmingham-polisiedepartement gestuur is'
- 'Polisie-sersant Tom Cook het die organisasie voorsien van gedetailleerde inligting oor die Rit'
- 'hulle het genoeg geweet om die alarm onder die staatmaker verdedigers van wit oppergesag aan te wakker' (Enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'negers'
- 'neger-liefhebbers' (2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Die polisiedepartement het nie die pogings van die Vryheidritte om interstaat busvervoer te gedesegregreer, ondersteun nie
- Die polisiedepartement was rassisties en het beplan om die Vryheidsryers aan te val
- Die polisiedepartement was gekant teen integrasie
- Die polisiedepartement het beplan om gewelddadige taktieke teen die Vryheidsryers te gebruik – ŉ direkte skending van hul pligte en die reëls van die land
- Die polisiedepartement het die KKK en wit oppergesag ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Evalueer die nut van Bron 3B – L3]*

**Bron is tot ŉ groot mate nuttig omdat:**

- Dit is ŉ boek wat geskryf is deur ŉ historikus wat primêre bronne gebruik het om inligting te ontleed en te interpreteer
- Dit verskaf eksplisiete inligting oor hoe die polisie gereageer het op segregasie
- Dit verskaf eksplisiete inligting oor hoe die polisie met die KKK saamgesweer het om integrasie teen te staan
- Dit beskryf hoe moeilik dit was om rasse-integrasie in die VSA in die 1960's te implementeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Rasse-integrasie op busse is nie deur die wit oppergesag en rassiste in Alabama geduld nie.
- Rasse-integrasie sou met geweld weerstaan word indien nodig.
- Die staatspolisie het niks gedoen om die Vryheidsryers te beskerm nie
- Die lewens van die Vryheidsryers was op die spel, veral in die suidelike staat van Alabama.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Analise van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Hierdie foto sou ŉ negatiewe impak op die VSA se openbare beeld regoor die wêreld gehad het
- Baie lande sou die VSA veroordeel het
- Die Burgerregtebeweging sou meer simpatie en ondersteuning van regoor die wêreld gekry het.
- Die res van die wêreld sou druk op die Amerikaanse regering toegepas het om integrasie af te dwing
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3B en 3C – V3]*

- Bron 3B verklaar dat die polisie en Klan-mans 'n onsmaaklike verwelkoming vir die Vryheidsryers voorberei het, terwyl Bron 3C wys hoe hulle verwelkom was – die bus was aangeval
- Bron 3B verklaar dat die polisie die Vryheidsritte tot 'n stilstand wou bring terwyl Bron 3C wys hoe hulle die Vryheidsritte tot stilstand gebring het.
- Bron 3B verklaar dat die polisie en Klan-mans, 'hulle kon aanrand, hulle kon bom, hulle kon vermink en dood kon maak', terwyl Bron 3C wys hoe die bus gebombardeer was.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Die president het 600 federale maarskalke na Alabama beveel' (1 x 2) (2)

3.5.2 *[Sintese van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Hulle was gelukkig omdat hulle federale beskerming ontvang het.
- Hulle was gelukkig omdat die Wagte enige aanvalle deur rassiste en oppergesag sou voorkom.
- Hulle was gelukkig omdat hulle reis vry van geweld sou wees.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- In Oktober het die Interstate Commerce Commission 'n verbod op rassediskriminasie in interstaat vervoer uitgereik, wat op 1 Desember 1961 van krag geword het. (1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Vroeër protes-op-wiele het misluk toe ryers in hegtenis geneem is (Bron 3A)
- Farmer en Rustin het Vryheidsritte in 1961 georganiseer om interstaat busreise te desegregreer (Bron 3A)
- Swartes sou voor en wittes sou agter in die busse sit. (Bron 3A)
- Vryheidsritte het geweld verwag, maar het gehoop federale wet sal afgedwing word (Bron 3A)
- Ku Klux Klan en die polisie beplan om vryheidsritte in Birmingham te stop (Bron 3B)
- Ku Klux Klan en die polisie is bevele gegee om ‘hulle te klop, bom hulle, vermink hulle, dood te maak’ (Bron 3B)
- Ten spyte van hierdie bedreigings het die Vryheidsritte voortgegaan (Eie kennis)
- In Anniston is ŉ Vryheidsritbus met petrol gebombardeer en ryers was aangerand (Bron 3C)
- Amerikaanse president het federale troepe beveel om die Vryheidsryers te beskerm (Bron 3D)
- Nasionale Wagte het die snelweg beman om Vryheidsritte te beskerm (Bron 3D)
- Goewerneur Patterson het die federale regering openlik uitgedaag (Bron 3D)
- Dit het die federale regering gedwing om die federale wet af te dwing (Eie kennis)
- Federale regering verbied rassediskriminasie op interstaat busvervoer op 1 Desember 1961 (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **LEVEL 1** | • Kan nie bewyse onttrek of bewyse uit die bronne op ŉ baie elementêre wyse onttrek nie**, bv. toon geen of min begrip van hoe die Vryheidsritte interstaat busreise in die VSA in die 1960’s gedesegregeer het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor die onderwerp verslag te doen of kan nie oor onderwerp verslag doen nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit die bronne wat meestal relevant is en in ŉ groot mate verband hou met die onderwerp bv., **wat ŉ begrip toon van hoe die Vryheidsritte interstaat busreise in die VSA in die 1960’s gedesegregeer het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon**, bv., toon ŉ deeglike begrip van hoe die Vryheidsritte interstaat busreise in die VSA in die 1960’s gedesegregeer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE KOUE OORLOG – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet hierdie stelling krities bespreek deur aan te dui of die stelling geldig of waar is. Hulle moet hul argument met relevant historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet hierdie stelling krities bespreek deur aan te dui of die stelling geldig of waar is en redes gee waarom.

**UITBREIDING**

- Suid-Viëtnam onder Ngo Dinh Diem het geweier om die verkiesings te hê om die land te verenig
- Viëtkong was gevorm om Diem omver te werp en die land te verenig
- Viëtkong was ondersteun deur Viëtminh via Ho Chi Minh Roete
- China en Noord-Viëtnam het die Viëtkong ondersteun
- Die VSA het betrokke geraak – om die verspreiding van kommunisme in Suidoos-Asië te voorkom – die 'Domino-effek'
- VSA het ŉ veilige dorpsbeleid ingestel – ***mislukking omdat Viëtkong binne dorpe gebly het***
- Golf van Tonkin-voorval het VSA rede gegee om oorlog te verklaar
- VSA loods Operation Rolling Thunder – duisende burgerlikes het gesterf, maar die ***operasie misluk want Rusland en Chinese was in staat om alle militêre voorrade wat die Amerikaners vernietig het, te vervang***.
- Vietkong loods die Tet Offensief – ***verrassingaanvalle en die VSA het groot ongevalle gelei***
- VSA het al die dorpe herwin – ***beeldmateriaal van oorlog op TV het die openbare mening teen die oorlog gedraai***
- Die VSA loods Operasie Ranch Hand – Agent Oranje en Agent Blue, om die oerwoud en plantegroei te vernietig
- Agent Blue en Agent Orange het gelei tot omgewingsvernietiging en meer as 400 000 mense laat sterf – ***het die VSA ongewild gemaak en die Viëtnamese verenig om die stryd teen die Amerikaners voort te sit***
- Die VSA het ook napalm gebruik – die oerwoud vernietig en brand deur die vel ***– VSA was veroordeel en die Viëtnamese teen die VSA gedraai***
- Die VSA ontplooi soek en vernietig veldtogte – ***duisende onskuldige burgerlikes is dood en het die kleinboere daartoe gedryf om die Viëtkong te ondersteun.***
- Die VSA veg konvensionele oorlog teen Viëtkong se guerrilla-oorlog – ***guerrilla-oorlog taktiek het vrees in Amerikaanse soldate ontketen en tot lae moraal gelei***

- ***Die VSA het in 'n vreemde land wat hulle nie geken of verstaan het nie, geveg***
- ***Onmoontlik om 'n vyand te beveg wat hulle nie kon vind nie.***
- Die VSA se gruweldade en die My Lai-slagting ***– draai openbare mening teen die oorlog en het tot anti-oorlog betogings in die VSA gelei***
- Skietery van vier betogers by Kent-universiteit het sake vererger
- Teen 1969 was daar byna 14 000 Amerikaanse soldate wat gesterf het ***– publieke opinie was nou totaal teen die oorlog gekant***
- Nixon het Viëtnamisering aangekondig – die VSA sou die Suid-Viëtnamese weermag oplei om die Viëtkong te beveg en het Amerikaanse troepe geleidelik onttrek.
- Amerikaanse troepe het uit Viëtnam onttrek, maar het Noord-Viëtnam, Kambodja en Laos gebombardeer
- 1975 – Die Viëtkong verower Saigon – ***Viëtnam word 'n enkele land onder 'n kommunistiese regering.***
- Enige ander relevante antwoord.

- Slot**:** Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en stel ’n oorspronklike argument op grond van relevante bewyse op grond van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet fokus op die mate waarin Joseph Mobuto daarin geslaag het om die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo na die verkryging van onafhanklikheid in die gesig gestaar het, te oorkom. Hulle moet ook die suksesse en mislukkings beklemtoon.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate Josef Mobuto daarin geslaag het om die Kongo se politieke en ekonomiese uitdagings te oorkom nadat hy in 1961 onafhanklikheid van België verkry het.

**UITBREIDING**

**POLITIEKE ASPEKTE**

**Kongo:**

- Kongo het in 1960 onafhanklik geword deur veelpartyverkiesings – J. Kasavubu het president geword en P. Lumumba het die eerste minister geword (sukses).
- Politieke stabiliteit (sukses)
- Na ’n paar jaar het die Kongo ’n eenpartystaat geword (mislukking)
- Mobuto Sese Seko onderdruk alle opposisie (mislukking)
- Mobuto Sese Seko het per dekreet geregeer en alle aanstellings en bevorderings beheer (mislukking).
- Mobuto Sese Seko het lewenslank as president gebly tot sy dood in 2007
- Mobuto se doel was om ’n gevoel van nasionale eenheid en trots in Zaïre se identiteit en kultuur te bevorder. (sukses)
- Hy het die naam van die Kongo na Zaïre verander (sukses)
- Die nuwe naam het die begin van ’n program van ‘Zaïreanisasie’ ingelui
- Mobuto Sese Seko het ’n kleptokrasie geskep waar ’n groep aangestelde openbare amptenare hul posisies vir finansiële gewin misbruik het (mislukking).
- Het Afrika-waardes teruggebring (sukses)
- Sterk gesentraliseerde regering (mislukking)
- Mobuto het ’n persoonlikheidskultus geskep
- Enige ander relevante antwoord

**EKONOMIESE ASPEKTE**

- Die Kongo het ŉ kapitalistiese model gevolg (sukses)
- Inflasie was gestop en staatskuld is laag gehou (sukses)
- Kongo se natuurlike hulpbronne het buitelandse beleggings gelok (sukses)
- Mobuto het staalmeule in Leopoldville gebou, ŉ dam en ŉ langafstand kraglyn van Inga na Katanga (sukses)
- Mobuto het toe die land se kopermynbedryf genasionaliseer. (mislukking)
- Hy het Zaïreanisie bekendgestel – die vervanging van geskoolde buitelanders met ongeskoolde plaaslike inwoners (mislukking)
- Hy het meer as 2 000 buitelandse maatskappye genasionaliseer sonder vergoeding (mislukking)
- Hy het sy eie politieke bondgenote en familielede in beheer van hierdie maatskappye aangestel (mislukking)
- Die Kongo het gesukkel om sy ekonomie te ontwikkel
- Besighede het in duie gestort weens swak bestuur, korrupsie en wanadministrasie (mislukking)
- Korrupsie het algemeen geword (mislukking)
- Zaïre het ŉ kleptokrasie geword (mislukking)
- Gaping tussen ryk en arm was vergroot (mislukking)
- Die land se ekonomie het in duie gestort – Mobuto het Retrosessie geïmplementeer – terugkeer van buitelandse eienaars
- Min buitelanders het teruggekeer en Zaïre het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings. (mislukking)
- Enige ander relevante antwoord.

- Slot**:** Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's – DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse met behulp van analitiese en interpretatiewe vaardighede.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of hulle saamstem met die stelling dat die Swartmagbeweging se klem op rassetrots en selfbeskikking, segregasie en diskriminasie in die VSA suksesvol in die 1960's uitgedaag het. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem met die stelling dat die Swartmagbeweging se klem op rassetrots en selfbeskikking, segregasie en diskriminasie in die VSA suksesvol in die 1960's uitgedaag het en verduidelik waarom.

**UITBREIDING**

**Oorsake**
- Voortdurende armoede, werkloosheid, diskriminasie en swak lewens-omstandighede van swartmense in die noorde.
- BRB het nie armoede en magteloosheid van swartes opgelos nie
- Ontevrede met die stadige tempo van verandering en vreedsame protesmetodes aksies van die BRB
- Swartes het nasionalistiese gevoel ontwikkel en dit het saamgeval met polisiewreedheid teen swartmense.

**Swartmag**:
- Ideologie wat rassetrots, selfstandigheid en die verkryging van swart ekonomiese en politieke vryheid voorgestaan het
- ŉ Beroep op swart mense gedoen om hulself teen polisiewreedheid te beskerm
- Het swartes aangemoedig om vryheid van wit gesag te soek

**Die Black Panther Party**
- Newton en Searle het die BPP vir selfverdediging gestig
- Hulle het die stede gepatrolleer om Swartes teen polisiewreedheid te beskerm
- Het die Tienpunt-program geïmplementeer
- Hulle het beter behuising en werksgeleenthede vir Swartes geëis
- Implementering van die oorlewingsprogramme
- Gratis ontbyt vir kinders, geletterdheidsklasse, voedingskemas en gratis mediese klinieke
- Geëis dat Swart geskiedenis in swart skole onderrig moes word
- Verwerp wit idees oor mode
- Was teen rasse-integrasie gekant
- Gebots met die polisie terwyl hulle die strate patrolleer
- Baie leiers in die tronk vir kriminele aktiwiteite

Kopiereg voorbehou 

**Die rol van Malcolm X:**
- Malcolm X was ŉ kragtige spreker en toegewyde menseregte-aktivis
- Malcolm X het geglo in swart separatisme in plaas van integrasie
- Het Swartes aangemoedig om hul regte 'op enige manier wat nodig is' te beveilig
- Bepleit selfverdediging teen wit onderdrukking 'bloedvergieting was nodig vir revolusie'
- Bepleit swart selfversorgsaamheid
- Hy is vermoor nadat hy in 1965 by SNNC aangesluit het.
- Enige ander relevante antwoord

**Die rol van Stokely Carmichael:**
- Stokely het in 1966 die voorsitter van SNCC geword en het besluit om die leerstellings van die Swartmagbeweging aan te neem.
- In 1966 het hy die Swartmag slagspreuk, 'Black is beautiful' gewild gemaak.
- Bepleit dat Swartes dinge vir hulself moet doen; politiek in hul gemeenskappe moet beheer; trots moet wees op eie kultuur en hulself verdedig teen rasseonderdrukking en manipulasie
- Hy was gekant teen die nie-geweldstrategie van die BRB
- Hy het geglo in swart separatisme in plaas van rasse-integrasie.
- Bevorder ŉ plan om die VSA in afsonderlike swart en wit state te verdeel
- Hy was krities oor Amerika se betrokkenheid in die Viëtnam-oorlog
- Carmichael was ten gunste van Afrika-klere en Afrika-haarstyle as simbool van Swart trots
- Hy het by die Black Panther Party aangesluit (vir selfverdediging) wat die Swartmag-ideale in werking gestel het.
- Hy is in hegtenis geneem en na Guinee verban

**Suksesse as die BPM**
- Die meeste voor die hand liggende vorme van rassediskriminasie het tot ŉ einde gekom
- Rassegeweld het afgeneem
- Miljoene swartes is uit armoede opgehef
- Baie swartes was in federale poste deur regstellende aksiebeleide aangestel
- Enige ander relevante antwoord.

- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou